

Graan SA Oggend Markkommentaar

GRAAN SA	DATUM 2022/01/27		DATUM 2022/01/26		+- LAST WEEK 2022/01/17		BY DIE GELD PUT OPSIE VIR JUL 2022					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Δ%	Jul '22 FUTURES PRICE	WM	YM			
DJIA-index	33625	-608,00	-1,78%	34233	-64%	35912	R 3 520,00	R 3 619,00				
Goud (Spot)	1815	-32,00	-1,7%	1847	-0,2%	1818,97	R 3 510,00	R 3 620,00				
Brent \$/vat	86,62	-0,17	-0,2%	86,79	0,3%	86,34	R 228,78	R 211,79				
1 € / US\$	1,1226	-0,008	-0,68%	1,1303	-1,7%	1,1417	MINIMUM SAFEX PRYS		3 281,22	3 408,21		
1 US\$ / ZAR	15,43	0,21	1,4%	15,22	0,2%	15,40						
Corn	R 3 808,69	94	2,5%	R 3 714,91	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day							
Wheat	R 4 507,30	-67	-1,5%	R 4 574,58	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day							
Soybeans	R 8 164,16	296	3,8%	R 7 868,50	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day							
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.		MIELIE UITVOERE			
Corn Mar 22	627,00	7,00	1,1%	620,00	Pariteitspryse gelewer in Randfontein.		37	WM	YM	TM		
Wheat Mar 22	795,00	-23,00	-3%	818,00	Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit		WEEK TOTAAL	16 227	5 019	21 246		
Soybeans Jan 22	1440,00	33,00	2,3%	1407,00			JTD TOTAAL	429 683	2 148 870	2 578 553		
PLAASLIKE MARKINLIGTING							UITVOERBAAR		600 000		2 500 000	3 100 000
WMAZ Spot	3598,00	-16,00	-0,4%	3614,00	Invoerpariteit		JTD AS % VAN UITVOERBAAR	72%	86%	83%		
WMAZ Mrt 22	3558,00	-17,00	-0,5%	3575,00	Uitvoerpariteit		TEMPO/WEEK BENODIG	11 354	23 409	34 763		
WMAZ Jul 22	3510,00	-14,00	-0,4%	3524,00			MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS					
YMAZ Spot	3737,00	-51,00	-1,3%	3788,00	5950,00	3800,00	WEEK TOTAAL	6 261	5 504	11 765		
YMAZ Mrt 22	3721,00	-37,00	-1,0%	3758,00	5900,00	3800,00	JTD TOTAAL	8 301 789	7 187 145	15 488 934		
YMAZ Jul 22	3650,00	35,00	1,0%	3615,00	5900,00	3750,00	NOK SKATTING - REGSTELLINGS	8 608 815	7 602 450	16 211 265		
SOY spot	8188,00	37,00	0,5%	8151,00	11580,00	8500,00	% GELEWER VAN OES	96%	95%	96%		
SOY Mar '22	8030,00	-65,00	-0,8%	8095,00	11600,00	8500,00	WEEK 16 KORING INVOERE					
SOY May 22	7888,00	-57,00	-0,7%	7945,00	11500,00	8500,00	2021/22	2020/21	5 Jr. GEM			
SUN Spot	10900,00	-1100,00	-10,1%	12000,00	12400,00	10000,00	WEEK TOTAAL	7 918	-	3 479		
SUN May 22	8933,00	61,00	0,7%	8872,00	12400,00	10000,00	JTD TOTAAL	349 441	427 940	331 169		
WHEAT Spot	5940,00	-29,00	-0,5%	5969,00	7360,00	5050,00	TOTAAL BENODIG	1 525 000	1 474 921	1 768 584		
WHEAT Mrt 22	5988,00	-43,00	-0,7%	6031,00	7360,00	5050,00	JTD AS % VAN BENODIG	23%	29%	19%		
WHEAT May 22	6027,00	-40,00	-0,7%	6067,00	7400,00	5000,00	NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE					

Internasionale marktoersig:

Die Rand/Dollar-wisselkoers het vanoggend teen R15.43 geopen met die dollar wat effens oornag versterk het. Ander FOREX-gedeeltes het vanoggend teen R17.30/€ en R20.72/£ geopen. Dit is 'n effense verswakking van gister se situasie. Die JSE-indeks van alle aandele het op 73 797 verhandel; die JSE Top 40 het verhandel teen 67 636; die JSE Hulpbron 10 het verhandel teen 75 252; die JSE Industrial 25 het teen 91 472 verhandel en die JSE Financial 15 het teen 14 925 verhandel. Brent-ru olie prys per vat het effens verlaag na \$86.62/vat. Hierdie verlaging kom nadat beleggers winste geneem het na 'n 2% prysverhoging oor die afgelope paar dae.

Mielies:

Die Amerikaanse mieliemark het 'n effense negatiewe dag ervaar. Die groot fundamentele rolspelers wat die mark affekteer is beter weer en oes vooruitsigte in Suid Amerika en laer as verwagte Chinese mielie aanvraag vir die 2021/22 seisoen. Droogte en waardeketting probleme het daartoe gelei dat Kanadese mielie invoere 5 keer meer as laas jaar hierdie tyd, Kanadese produsente sukkel om genoeg voorraad te kry om diere te voer. Droë toestande en internasionale spanning behoort prysse op hoër vlakke te hou.

Plaaslik: Die plaaslike mark het gister 'n negatiewe verhandelings sessie ervaar. Beide wit en geel mielie kontrakte het meer en groter verliese as winste getoon. Wit mielie produsente lewerings is op 'n 6-week hoë vlak met 7 804 ton gelewer, geel mielies staan tans op 5 704 ton.

Sojaboon:

Die Amerikaanse sojaboon mark het 'n swakker handel sessie ervaar. Die naby maand kontrakte het wel sterk gestaan. Die mark het relatief meeste van die verbeterende weersomstandighede effekte in Suid Amerika laas week geabsorbeer. Oorspoel effek het ook die sojaboon mark laer gedruk. Verliese is deur 'n kleiner as verwagte Argentynse sojaboon oes geminimaliseer, wat kan lei tot groter uitvoere later in die seisoen. Reën het uiteindelik verligting gebring vir Suid Amerikaanse produsente.

Plaaslik: Die plaaslike mark het 'n wakker dag beleef met meeste van die gelyste kontrakte wat negatief verhandel teen sluitingstyd.

Koring:

Die Amerikaanse koring mark het sy sterk vertoning gebreek weens handelaars wat winste geneem het op die hakke van die sterk vertoning en weens aanhoudende hoë spanning in Oostelike Europa. NAVO het aangekondig dat hy troep na Oos Europa sal stuur weens hoë spanning. Die spanning in Oos Europa het tot baie onsekerheid in die mark gelei met beide produseerders en handelaars wat nie weet wat is die regte kant van die mark om aan te wees nie.

Plaaslik: Die plaaslike koring mark het ook weg beweeg van sy opwaartse tendens af met meeste van die gelyste kontrak maande wat verliese getoon het. Die koring mark kan dalk baie sensitief wees met die moontlikheid van verdere verliese.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Christiaan Vercueil/ Vir navrae, kontak: christiaan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek



Graan SA Oggend Markkommentaar